07 Desember 2018
Vir onmiddellike vrystelling.

(144 woorde)

Groep Hoof Finansiële Beampte kondig vervroegde aftrede aan.

Die Groep Hoof Finansiële Beampte van Suidwes Landbou, mnr George Potgieter het die besluit geneem om met vervroegde pensioen te gaan op 31 Desember 2018.

Mnr Potgieter was reeds sedert 1995 deel van die Suidwes Groep in sy kapasiteit as Finansiële Bestuurder: Handel en is later na Hoof Finansiële Beampte van die Suidwes Groep bevorder.

Volgens mnr. Hansie Viljoen, Voorsitter van die Suidwes Direksie, het mnr. Potgieter met sy besigheidsaanvoeling en voorkeur vir syfers, 'n fenomenale bydrae as Finansiële Direkteur van die Suidwes Groep gelewer.

Die Suidwes Direksie en Bestuur wil van die geleentheid gebruik maak om mnr Potgieter voorspoed met sy aftrede toe te wens.

Me Debbie Bester sal waarneem as Groep Hoof Finansiële Beampte, tot verdere kennisgewing.

Mnr George Potgieter, Groep Hoof Finansiële Beampte van Suidwes Landbou het besluit om na 23 jaar die tuig neer te lê.

Navrae:
Deon Badenhorst
Bestuurder: Korporatiewe Bemarking en Kommunikasie
T: 018-581 1192
deonb@suidwes.co.za
www.suidwes.co.za